

GEOUDITEERDE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE GROEPRESULTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2009

HOOF TREKKE

- 368% toename in wins
- 72% toename in VPA
- 90% toename in verwaterde VPA

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	%-toename	Geouditeer 2009 R'000	Geouditeer 2008 R'000
Voortgesette bedrywighede			
Inkomste		519 867	-
Ander inkomste		8 325	-
Administrasie-onkoste		(478 916)	(1 366)
Netto finansieringsinkomste		8 097	11 346
Finansieringsinkomste		17 794	11 406
Finansieringskoste		(9 697)	(60)
Aandeel van assosiate se wins		9 151	3 490
Wins voor belasting	394	66 524	13 470
Inkomstebelasting-onkoste		(13 607)	(2 660)
Wins vir die jaar uit voortgesette bedrywighede		52 917	10 810
Verlies vir die jaar uit beëindigde bedrywighede		(2 379)	-
Wins vir die jaar	368	50 538	10 810
Toeskryfbaar aan:			
Ekwiteitshouers van die Maatskappy	221	34 701	10 810
Minderheidsbelang		15 837	-
		50 538	10 810

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

	Geouditeer 2009 R'000	Geouditeer 2008 R'000
BATES		
Nie-bedryfsbates	1 000 008	205 409
Eiendom, masjinerie en toerusting	110 639	-
Ontasbare bates	600 151	-
Ongenoteerde beleggings	280	-
Belegging in assosiate	127 435	105 409
Belegging in voorkeuraandeel	100 000	100 000
Uitgestelde inkomstebelastingbates	61 503	-
Bedryfsbates	228 411	17 294
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	156 215	6 872
Ontvangbare rekeninge vanaf assosiate en gesamentlike onderneming	6 642	-
Kontant en kontantekwivalente	65 554	10 422
Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop	515 288	-
Totale bates	1 743 707	222 703
EKWITEIT EN LASTE		
Kapitaal en reserwes	622 021	212 348
Uitgereikte kapitaal	382 528	196 720
Voorwaardelike aandele uitgereik te word	188 540	-
Aandeelgebaseerde betalingsreserwe	624	-
Uitkeerbare reserwes	50 329	15 628
Minderheidsbelange	31 939	-
Totale ekwiteit	653 960	212 348
Nie-bedryfslaste	349 128	-
Uitgestelde inkomstebelastinglaste	66 532	-
Lenings	183 523	-
Voorsienings	55 875	-
Na-aftrede mediese verpligtinge	3 930	-
Oploping vir reguitlyhantering van bruikhuure	39 268	-
Bedryfslaste	318 195	10 355
Lenings	11 176	-
Voorsienings	71 784	-
Handels- en ander betaalbare rekeninge	102 385	3 733
Belasting	15 037	1 508
Bankoortrekking	53 661	5 114
Werknemervoordeelvoorsienings	64 152	-
Nie-bedryfslaste gehou vir verkoop	422 424	-
Totale ekwiteit en laste	1 743 707	222 703

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

	Geouditeer 2009 R'000	Geouditeer 2008 R'000
Saldo op 30 Junie 2008	212 348	103 127
Aandelekapitaaluitgifte	185 808	98 411
Voorwaardelike aandele uitgereik te word	188 540	-
Netto wins vir die jaar	50 538	10 810
Verkryging van filiaal	17 953	-
Dividende betaal	(1 851)	-
Herwaardasie van aandeelgebaseerde betaling – ekwiteitsvereffen	624	-
Saldo op 30 Junie 2009	653 960	212 348

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

	Geouditeer 2009 R'000	Geouditeer 2008 R'000
Netto kontant gegenereer uit/(aangewend in) bedryfsaktiwiteite	47 222	(8 112)
Netto kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite	(165 667)	(92 102)
Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	179 225	-
Netto kontantvloei uit voortgesette bedrywighede	60 780	(100 214)
Netto kontantvloei uit beëindigde bedrywighede	9 951	-
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	70 731	(100 214)
Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar	5 308	105 522
Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar	76 039	5 308
Soos volg gerekonsilieer:		
Kontant en kontantekwivalente voorhande	65 554	10 422
Bankoortrekking	(53 661)	(5 114)
Bates gehou vir verkoop	64 146	-
	76 039	5 308

REKONSILIASIE VAN WESENSVERDIENSTE EN VERDIENSTE TOESKRYFBAAR AAN EKWITEITSHOUERS

	%-toename	Geouditeer 2009 R'000	Geouditeer 2008 R'000
Basiese verdienste		34 701	10 810
<i>Aangepas met</i>			
- Verlies uit beëindigde bedrywighede		(1 600)	-
- Waardedaling van klandisiewaarde		287	-
- Verlies met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting		154	-
Wesensverdiens	210	33 542	10 810
Verdiens per aandeel (sent) toeskryfbaar			
aan gewone aandele	72	19,00	11,04
Verwaterde verdiens per aandeel (sent)	90	16,68	8,76
Wesensverdiens per aandeel (sent) toeskryfbaar			
aan gewone aandele	66	18,37	11,04
Verwaterde wesensverdiens per aandeel (sent)	84	16,12	8,76

ONTLEDING VAN AANDELEKAPITAAL

	Geouditeer 2009 R'000	Geouditeer 2008 R'000
Getal uitgereikte gewone aandele	257 999 496	143 954 741
Getal uitgereikte voorkeuraandele	16 638 000	16 638 000
Geweegde gemiddelde getal gewone aandele	182 627 122	97 958 163
Geweegde gemiddelde getal gewone aandele en potensieel gewone aandele	208 030 900	123 361 941

SEGMENTELE ONTLEDING

	Geouditeer 2009			Geouditeer 2008		
	Inkomste R'000	Wins voor belasting R'000	Totale bates R'000	Inkomste R'000	Wins voor belasting R'000	Totale bates R'000
Gesondheidsorgadministrasie	519 867	47 172	1 413 722	-	-	-
Elektronika	-	7 597	-	-	3 490	-
Tesourie-aktiwiteite	-	13 437	110 344	-	11 406	116 210
Ander – insluitende tussensegmentuitskakelings	-	(1 682)	219 641	-	(1 426)	106 493
	519 867	66 524	1 743 707	-	13 470	222 703

INLEIDING

Die direksie bied met genoeë die geouditeerde resultate vir die jaar geëindig 30 Junie 2009 aan.

Teen die agtergrond van 'n wêreldwye finansiële krisis, gekenmerk deur die mislukking van verskeie sleutelinstellings en 'n daling in verbruikerswelvaart en ekonomiese aktiwiteit, het AfroCentric uitstekende vordering gemaak. AfroCentric se omsigtige benadering en die direksiebeleggingskomitee se streng voldoening aan sy voorgeskrywe beleggingsdisipliene het die Maatskappy goed te staan gekom in 'n uiters moeilike en onbestendige mark.

REKENINGKUNDIGE BELEID EN OPSTELLINGSGRONDSLAG

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state van die groep vir die jaar geëindig 30 Junie 2009 is in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde ("IFRS"), Internasionale Rekeningkundige Standaard 34, die noteringsvereistes van JSE Beperk, en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, 61 van 1973, soos gewysig, opgestel. Die verkorte gekonsolideerde finansiële state van die groep word op die historiesekoste-grondslag opgestel en stem ooreen met die rekeningkundige beleid wat vir die jaar geëindig 30 Junie 2008 ooreenkomstig IFRS toegepas is.

AARD VAN BESIGHEID

AfroCentric is 'n beleggingsbeheermaatskappy in swart besit en sy vernaamste beleggings is in die privaatgesondheidsorg-, elektronika- en kommunikasiebedryf. AfroCentric het ook 'n samewerkingsooreenkoms met Rio Tinto Plc vir mineraalprospekteer- en -eksplorasiëprojekte. Meer onlangs het AfroCentric verspreidingsooreenkoms met Hanwha Corporation, een van die grootste nywerheidsinstellings in Suid-Korea, gesluit. Afgesien van hierdie aktiwiteite het AfroCentric voortgegaan om sy tesouriefondse te bestuur.

Gedurende die jaar onder oorsig het AfroCentric 'n aanvanklike 63,2% van die aandele in Lethimvula Investments Limited ("Lethimvula") verkry. Aangesien dit 'n geaffekteerde transaksie is soos in die Kode vir Oornames en Samesmeltings van die PSR ("PSR-kode") gedefinieer, het AfroCentric ooreenkomstig die PSR-kode 'n aanbod aan die minderheidsaandeelhouders van Lethimvula gemaak.

Op 30 Junie 2009 het AfroCentric 83,8% van Lethimvula besit en AfroCentric gaan voort om gesprek te voer met daardie Lethimvula-aandeelhouders wat hulle Lethimvula-aandele te koop aanbied. Lethimvula is 'n beleggingsbeheermaatskappy en sy vernaamste bate is 'n 100%-belang in Medscheme Limited, 'n multimediese skema-administrateur, wat trustee en lede van sowel oop as bepaalde korporatiewe mediese skemas dien. Medscheme is die grootste mediese skema-administrateur in swart besit in Suid-Afrika en dek ongeveer 2 miljoen lewens in die mark vir privaatgesondheidsorg-administrasie. Sedert voorgenoemde verkryging het Medscheme ooreenkomste met Old Mutual gesluit, eerstens om dié maatskappy se mediese skema-administrasiebesigheid te verkry en tweedens om Medscheme Life aan Old Mutual te verkoop. Daarbenewens is ooreenkomste vir wedersydse samewerking tussen Old Mutual en Medscheme gesluit, wat 'n raamwerk vir wedersydse samewerking skep.

BEDRYFSOORSIG

AfroCentric se beleggings in die genoteerde Jasco Electronics Holdings Limited ("Jasco") het toeskryfbare verdienste vir die jaar geëindig 30 Junie 2009 van R7,6 miljoen (2008: R3,5 miljoen) en voorkeurdividende ontvang van R11,4 miljoen (2008: R1 miljoen) opgelewer, 'n aansienlike toename vergeleke met verlede jaar, maar dit was wesenlik daaraan toeskryfbaar dat verlede jaar se verdienste slegs vir Junimaand 2008 gerapporteer is. Jasco se verskillende sake-eenhede is erg aangetas deur die ekonomiese afswaai wat gedurende die afgelope jaar ondervind is, maar gegewe die infrastruktuur van Jasco se bedrywighede en beleggings, die verbetering van kommoditeitspryse en die groep se kontraktuele verhoudings met Telkom en Eskom, heers daar 'n mate van omsigtige optimisme, wat die bedryfssektor oor die algemeen en die maatskappy in die besonder betref. Jasco se resultate is op 16 September 2009 op SENS bekend gemaak en meer inligting oor Jasco se verdienste en bedrywighede is onder die JSE-kode: JSC beskikbaar.

AfroCentric se belegging in Lethimvula het verdienste van R47,2 miljoen (voor belasting) vir die vyfmaandetydperk geëindig 30 Junie 2009 opgelewer, wat wesenlik ooreenstem met die verdiensteraming en projekts wat gedurende die kontrolieringsstudie bereken is. Medscheme is 'n indrukwekkende administrasie-onderneming wat professioneel en doeltreffend deur 'n hoogs gemotiveerde, bekwaame en ervare span uitvoerende beamptes bestuur word. Die lewensversekeringsbesigheid is gedurende Julie 2009 aan Old Mutual verkoop en die bedryfsbestuur sal nou sy aandag op sy administrasiekliëntebasis fokus, insluitende die vestiging van die Old Mutual-verkryging, die Oxygen Mediese Skema wat onlangs op tender verower is en die tendertoekenning vir die bestuurde gesondheidsorg van die staat se mediese skema vir werknemers ("GEMS").

AfroCentric sal voortgaan om leiding en steun vir Medscheme se groeiende bedrywighede, insluitende die nodige navorsing en hulpbronne vir gepaste strukture en uitvoerbare oplossings vir die voorgestelde Nasionale Gesondheidsorg-inisiatiewe, te verskaf.

AfroCentric se eksplorasië- en prospekteerverhouding met Rio Tinto Plc duur voort ingevolge die ooreenkoms vir wedersydse strategieë samewerking. Hoewel 'n aantal projekte in verskillende stadiums van geofisiese opmeting en navorsing is, word boorprogramme wat gedurende die jaar afgehandel is steeds geëvalueer. Bykomende prospekteerregte in Noordwesprovinsie is gedurende die jaar aan AfroCentric toegeken en dié regte sal deel van 'n bestaande Rio Tinto-projek vorm vir verdere eksplorasië.

FINANSIËLE RESULTATE

AfroCentric se groepverdiens na belasting het met 368% tot R50,5 miljoen (2008: R10,8 miljoen) toegeneem. Hierdie toename ontstaan hoofsaaklik as gevolg van toeskryfbare verdienste vanaf assosiate en die konsolidasie van Lethimvula se inkomste en verdienste vir die vyfmaandetydperk geëindig 30 Junie 2009. Verdiens per aandeel (VPA) het met 72% tot 19,00 sent (2008: 11,04 sent) toegeneem en verwaterde VPA het met 90% tot 16,68 sent (2008: 8,76 sent) toegeneem. Wesensverdiens per aandeel (WVPA) het met 66% tot 18,37 sent (2008: 11,04 sent) toegeneem en verwaterde WVPA het met 84% tot 16,12 sent (2008: 8,76 sent) toegeneem.

Ingevolge die Lethimvula-verkrygingsooreenkoms het die verkopers van aandele in Lethimvula winste na belasting vir die jare eindigende 30 Junie 2011, 2012 en 2013 teen 'n gemiddelde van R180 miljoen gewaarborg. Indien sodanige waarborg nagekom word en in die mate dat AfroCentric 100% van Lethimvula besit, sal AfroCentric die toekenning van "Voorwaardelike aandele uitgereik te word" aan die verkopers implementeer tot hoogstens 138,5 miljoen aandele. Die toekenning van sodanige aandele sal ooreenkomstig die formule verminder word indien die gewaarborgde winste nie behaal word nie. Die verantwoording, die openbaarmakings en die verwysings hierna word ooreenkomstig IFRS 3 verstrekk.

VOORUITSIGTE

Die direksie is tevrede met AfroCentric se vordering vir die jaar en die Maatskappy se gesonde platform vir toekomstige verdienste. Met inagneming van die huidige ekonomiese klimaat sal die direksie-beleggingskomitee voortgaan om die streng beginsels van sy beleggingsbeleid toe te pas, die vordering van elke onderneming gereed te monitor, en die bestuur in elke geval te lei en te steun aangaande strategie, nuwe produkte en uitbreiding. 'n Gereelde transaksievloei geniet steeds die aandag van die direksiebeleggingskomitee en verskeie proposisies word tans geëvalueer.

Dit is te vroeg om te oordeel of die groei in verdienste en winswaarborgdrempels in die Lethimvula-verkryging nagekom sal word, maar gegewe Lethimvula se prestasie vir die vyfmaandetydperk en die groei van nuwe besigheid wat daarin geopenbaar word, insluitende die doeltreffendhede van 'n groter skaal en spesialisasie, word die groep bemoedig deur die vroeë en positiewe tendens en rigting. In die afwesigheid van enige onverwagte gebeurtenis of reguleringstussenkoms sal Lethimvula en sy filiaal, Medscheme, 'n toonaangewende onderneming in gesondheidsorgadministrasie word.

GEBEURTENISSE NA DIE JAAREINDE

Op 1 September 2009 het AfroCentric 'n samewerking- en verspreidingsooreenkoms met Hanwha Corporation onderteken. Hanwha is 'n globale konglomeraat wat in Suid-Korea gesetel is. Hierdie verhouding sal AfroCentric as 'n fasiliteerder vir 'n wye reeks verbruikers- en nywerheidsprodukte, vaardighede en dienste in die vervaardiging-, konstruksie-, tegnologiese-, finansiering-, en gesondheidsorgsektor in Suid-Afrika posisioneer. Verskeie produkte en dienste van Hanwha sal aan AfroCentric se assosiate en aan ondernemings met wie AfroCentric verhoudings het en sal ontwikkel, bekend gestel word.

DIREKTEURE

Daar was geen verandering in die samestelling van die direksie gedurende die jaar onder oorsig nie.

DIVIDENDE

Geen dividende is gedurende die jaar onder oorsig verklaar of betaal nie.

OUDEURSVERSLAG

Die ouditeure, SizweNtsaluba VSP, het 'n ongekwalifiseerde ouditverslag uitgereik en 'n afskrif is by die Maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

Op las van die direksie

MI Sacks GR(SA), AICPA(ISR)

Maatskappysekretaris

Johannesburg

29 September 2009

Direkteure

NB Bam* (Voorsitter), NMJ Canca*, MSV Gantsho*

JM Kahn**, MI Sacks**#, Prof DI Swartz*, B Joffe**

*onafhanklik nie-uitvoerend **nie-uitvoerend #maatskappysekretaris

Geregistreerde kantoor

PKF

Wierdaweg-Wes 41

Wierdavallei, Sandton, 2196

Borg

Sasfin Capital

('n Afdeling van Sasfin Bank Beperk)